

# Sondag 4 April

Skrifgedeelte: Galasiërs 2:11-21

Fokusgedeelte: Galasiërs 2:14

## Reguit loop, Petrus!

'n Ortodontis is iemand wat 'n mens se tande reguit maak. Dit is die betekenis van die Griekse woord *ortho* wat hier in vers 15 saam met *loop* gebruik word. Die apostel Petrus moes weer begin reguit loop.

Die wonderlike eenheid in die ortodokse Christelike geloof wat in die eerste tien verse van hoofstuk 2 beskryf word, was nou in gedrang. Dieselfde Petrus, en selfs Barnabas ook, wat so mooi in Jerusalem vir die waarheid gestaan het, het hier in Antiogië allerhande draaitjies begin loop. En dit om mense tevrede te stel.

Ter wille van 'n klompie Jode uit Jerusalem wat 'n punt daarvan gemaak het om volgens die Ou-Testamentiese verordeninge nie saam met die gelowiges uit die heidendom te eet nie, het Petrus ook nie by hulle aan tafel gekom nie. Dit ten spyte van die eenheid wat daar reeds onder Christene uit verskillende volke bereik was, asook Petrus se eie geskiedenis (vgl. Hand. 10).

Soms is dit nodig om 'n medebroeder teen te gaan, selfs openlik teen te gaan, ter wille van die reguit pad. Die apostel Paulus verduidelik dat as daar eers aan enige vorm van wettisisme toegegee word, dan het Christus inderdaad tevergeefs gesterf.

Die eenheid onder gelowiges in die woorde van Psalm 133 is iets om te koester. Dit kan egter nooit ten koste van die reguit pad, die ortodokse Christelike leer, geskied nie. Daarvoor is die verlossing wat Christus vir ons almal wat in Hom glo, bewerk het, te kosbaar.

*Sing: Psalm 25-1:2*

*Ds. G Opperman (Gustav) (Emeritus)*